


Teks: Jesaja 6:1–8

**INLEIDING:**

Kies een ligte vraag om gesprek oop te maak:

- As iemand jou onverwags vra: “Kom saam, ek het ’n plan!” – is jy die persoon wat “Ek’s in!” sê of eerder “Ehm… wag eers”?
- Wat is die grootste ding waarvoor jy al moes aanmeld sonder om al die detail te ken (bv. groep-projek, koshuisaksie, uitstappie)?

**Lees die Teks (Jes. 6:1–8)**

- Watter beelde tref jou die meeste?
- Hoe sou jy gevoel het as jy in Jesaja se skoene was?

**Wat hoor ons in die teks:**

**a) God se Heiligheid (vv.1–4)**

Jesaja sien God se heerlikheid wat die tempel vul.

God se teenwoordigheid is te swaar om te ignoreer.

**Bespreek:**

- Wat beteken dit vir jou dat God heilig en groter as jy is?

- Wat is jou beeld van God? (liefdevol, vriend of majesteitlike Koning – en hoe balanseer jy dit?

### b) Konfrontasie & Reiniging (vv.5–7)

Jesaja roep uit: "Ek is verlore!" – hy bely sy sondigheid.

God reinig hom deur die gloeiende kool.

**Bespreek:**

- Hoekom is dit nodig dat God eers ons reinig voor Hy ons stuur?
- Watter *"ek is nie goed genoeg nie"*-gedagtes keer jou om vir God "ja" te sê?

### c) Die Roep & Antwoord (v.8)

- God vra: "Wie sal Ek stuur?"
- Jesaja antwoord onmiddellik: ***"Hineni – hier is ek, stuur my!"***

**Bespreek:**

- Wat dink jy het Jesaja laat reageer sonder twyfel?
- Watter dinge keer studente vandag om te sê: "Hineni"?
- Watter dinge inspireer jou om "ja" vir God te sê?

○ **Hineni vs. Nie-my-nie**

- Hineni: Beskikbaarheid, geloof, bereidwilligheid – selfs al is dit moeilik.
- Nie-my-nie: Vrees, afleiding, skaamte, gemak.

Aktiwiteit: (jy kan besluit of dit iets is wat sal werk in jou groep)

Gee elke student twee papiertjies:

☑ Skryf 'n **"Nie-my-nie"** – 'n vrees of verskoning wat jou keer.

☑ Skryf 'n **"Hineni"** – 'n area waar jy bereid is om God te vertrou.

Laat hulle die eerste papiertjie opskeur en die tweede hou as herinnering.

**Praktiese Toepassing**

- Waar roep God jou as student – in jou klas, koshuis, vriendekring?
- Hoe kan jy hierdie week een klein stap neem om "Hineni" te leef?

**Slot & Gebed**

Lees weer Jes. 6:8.
Laat die groep in stilte dink en dan saam bid:
"Here, hier is ek. Stuur my."

Opsioneel: Laat een of twee in die groep hardop hulle "Hineni" deel as bemoediging vir die res.